



**2 Mei 2004**

Posbus 1615  
Bethlehem, 9700  
Tel/Faks: (058) 303 9640

**BESTUURSINLIGTING**

## **DIE EKONOMIESE IMPAK VAN 'n DROOGTE**

*Droogtes is 'n normale reëlmatige verskynsel van ons klimaat. Dit kom bykans ooral voor hoewel die intensiteit daarvan van streek tot streek kan verskil. Wat ookal die definisie van 'n droogte vir 'n bepaalde gebied is, is die gevolge gewoonlik dat die reënval onder normaal is en dat die landbou dan nie sy normale produksie kan lewer nie.*

# **SPESIALE BERIG**

In ekonomiese terme beteken dit dat die boer 'n verlies aan inkomste het as gevolg van die laer produksie maar dat daar ook addisionele uitgawes ontstaan om waterbronne aan te vul en om bykomende voer vir vee aan te koop.

### **Fisiese impak**

Die definisie van 'n droogte vir Hotazel gaan uiteraard verskil van een vir Knysna. Die mees algemene definisie is dat 'n droogte ontstaan wanneer die reënval vir 'n langdurige periode, gewoonlik langer as een jaar, minder as die normale reënval vir 'n gebied is. Derhalwe ontstaan daar watertekorte. Wat ookal die definisie, is dit duidelik dat 'n droogte nie net 'n fisiese verskynsel is nie maar dat dit ook uiteindelik 'n ekonomiese impak het.

Volgens definisie beleef Suid-Afrika tans 'n droogte. Die afgelope kalenderjaar (2003) se reënval was minder as normaal en hierdie tendens word voortgesit in die eerste twee maande van die nuwe

kalenderjaar. Die gevolge daarvan in terme van die vorige jaar is op die volgende terreine sigbaar:

- Die koringoes se opbrengs is 39% minder;
- Die oppervlakte onder someroesaanplantings is 12% minder;
- Somergewasse wat wel aangeplant is het reeds skade ten opsigte van opbrengs opgedoen en 'n normale oes is nie meer moontlik nie;
- Die stand van die belangrikste opgaardamme is aan die einde van Desember reeds 25% minder;
- 'n Groot aantal plaasdamme en boorgate is reeds opgedroog;
- Die beskikbare weiding is sowat 30% van normale kapasiteit.

Die fisiese impak van die huidige droogte is reeds van so 'n aard dat dit landbouproduksie ernstig benadeel en boere begin die ekonomiese gevolge daarvan te voel.

## Ekonomiese impak


Daar is bykans geen boerdery-vertakking wat die ekonomiese impak van 'n droogte kan vryspring nie. Die laer reënval het aanvanklik 'n direkte impak op droëland gewasse terwyl die opdroging van damme mettertyd ook die opbrengs van besproeiingsgewasse negatief beïnvloed. Die vermindering in die beskikbaarheid van aangeplante en natuurlike weiding het ook 'n redelik onmiddellike effek op melkproduksie.

Op vleisproduksie is die invloed ietwat meer ingewikkeld omdat boere aanvanklik opgebergte voer daarvoor kan aanwend. Mettertyd moet voer aangekoop word om produksie te kan handhaaf maar namate voer skaars en duur raak moet die boer van sy vee ontslae raak. Omdat daar tydens droogtes nie 'n goeie mark vir aantelvee is nie, word slagters oorlaai met die oormatige veeverkope en die boer kry 'n lae prys as gevolg van die gedwonge veeverkope.

Die ekonomiese impak wat droogtes op die landbou het kan aan die hand van die mielievertakking gedemonstreer word. Die grafiek bevat gegewens oor die afgelope aantal jare se nasionale mielie-aanplantings en oeste en toon ook wanneer dit met die langdurige droogtes in Suid-Afrika saamgeval het.

Met uitsondering van 2003/04, toon die grafiek aan dat die oppervlakte wat aangeplant is redelik konstant tydens vorige droogtes gebly het. Die opbrengs van die oeste in hierdie periodes was egter heelwat minder as dié van 'n gemiddelde oes. Sulke oeste se opbrengs is gemiddeld 5,8 miljoen ton terwyl die gemiddeld oor die hele termyn 8.4 miljoen ton beloop. Indien die mielieprys teen R1,000 per ton geneem word, is die randwaarde van die verlies aan inkomste gedurende 'n droogte gemiddeld R2,55 miljard per mielie-oes.

Mielies is in meer as een opsig die grootste vertakking van landbou in Suid-Afrika. Hoewel die ander vertakkings dus 'n kleiner ekonomiese impak tydens droogtes sal hê, akkumuleer die verlies uiteindelik tot enorme omvang vir die boere.



Die droogtes se ekonomiese impak stop ongelukkig nie hier nie. Boere steek nie die R2,55 miljard in hulle sakke nie. Hierdie geld word weer in die ekonomie spandeer. Die tabel bevat inligting oor die bestedingspatroon van boere met betrekking tot hulle mielievertakking.

**TABEL: BESTEDING AAN MIELIE-UITGAWES**

Hektare	1	500
Uitgawe	R/ha	R
Saad	247	123,640
Kunsmis	491	245,666
Onkruidbeheer	197	98,550
Plaaigbeheer	185	92,683
Stroopkoste	200	100,000
Oesversekering	108	54,000
Vervoerkoste	94	47,184
Brandstof	179	89,718
Onderhoud & herstelwerk	717	358,697
Arbeid	68	33,899
Rente	99	49,593
<b>TOTAAL</b>	<b>2587</b>	<b>1,293,630</b>

Die tabel toon dat dit R2,587 per hektaar kos om mielies te produseer. Die gemiddelde boer spandeer in gevolg hierdie tabel 'n totale bedrag van R1,29 miljoen op verskeie maniere in sy plaaslike ekonomie, net met betrekking tot sy mielievertakking. Indien daar aanvaar word dat die gemiddelde aanplantings van boere 500 hektaar is, spandeer 'n boer met 'n mielievertakking byvoorbeeld R245,000 aan kunsmis, R100,000 ten opsigte van 'n stroperkontraakteur en ook R33,899 aan sy arbeiders. Selfs die plaaslike bank ontvang R49,593 se rente per jaar. Die vermindering in aanplantings en die verlaging van oesopbrengste tydens droogtes lei daartoe dat die boer minder geld bestee en het dus 'n vermenigvuldigingseffek wat diep in die plaaslike dorp se ekonomie gevoel word. Op hierdie wyse het 'n droogte uiteindelik ook 'n impak op die land se totale ekonomie.

### **Hantering van droogtes**

Volgens statistieke beleef Suid-Afrika elke tien jaar 'n ernstige droogte. Daar is niks wat die boer kan doen om dit te keer nie. Dit is egter die manier waarop die boer homself voorberei en hoe hy dit hanteer wat gaan maak of hy 'n droogte finansiëel gaan oorleef.

Die ekonomiese impak van 'n droogte is reeds uitgespel. Die politieke realiteite in Suid-Afrika is ongelukkig so dat die boer nie regeringshulp vir droogtes kan verwag nie. Politici het eerstens nie werklik 'n begrip vir droogtes nie en tweedens sal die finansiële hulpbronne eerder aangewend word waar die stembriewe tel, naamlik by opkomende boere. Die kommersiële boer sal dus op eie stoom die droogtes moet hanteer.

Dit is baie belangrik om te alle tye vir 'n droogte voorbereid te wees. Finansiële voorbereiding is veral belangrik. Dit beteken dat die boer in goeie tye sy finansiële reserwes moet opbou en nie dan reeds al op die afgrond van sy kritiese skuld las moet wandel nie. Daardie afgrond moet slegs as 'n laaste uitweg tydens 'n droogte betree word.

Selfs net 'n droë seisoen en nie noodwendig eers 'n uitgerekte droogte nie, plaas 'n boerdery onder finansiële druk. Wanneer die afgrond dan onvermydelik is, is goeie besluitneming deurslaggewend en moet die boer:

- Objektief en kalm bly;
- Alle moontlike inligting bymekaar maak;
- Take in prioriteitsvolgorde rangskik en die belangrike take van die tydmors-take onderskei;
- Aanpasbaar wees;
- Sy besluite uitvoer;
- Verantwoordelikheid vir sy besluite aanvaar.

Die boer kan nie die klimaat beheer nie maar hy kan die impak daarvan bestuur en behoorlik daarvoor beplan. Dit gaan ook nie help om die droogte vir al die probleme op die plaas te blameer nie. Die onus is op die boer om betyds voorsiening vir gereelde droogtes te maak. Die hedendaagse Suid-Afrikaanse kommersiële boer staan ongelukkig op sy eie in tye van droogtes, hoe skrikwekkend dit ookal mag klink.

---

**BETHLEHEM**  
**Februarie 2004**